



LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS - LAERSKOOL WARMBAD

INSTRUKSIES: Skryf jou naam en van op elke antwoordblad en jou nommer

1. Voltooi al die afdelings.
2. Lees die vrae behoorlik deur voordat jy dit antwoord.
3. Jy kry 5 minute om die vraestel deur te lees.
Moenie gedurende hierdie tyd skryf nie.
4. Antwoorde moet op die antwoordblad geskryf word.
5. Skryf duidelik en netjies. Nommers moet dieselfde wees as op die vraestel.
6. Trek 'n streep na elke vraag.
7. Jy moet al die vrae antwoord! Moet asseblief **nie** op die vraestel skryf nie!

SUMMATIEWE ASSESSERING

LEERAREA:	WISKUNDE
GRAAD:	6 (Me. S du Plessis)
MODERATOR:	Me. L Grobler
TYD:	90 minute
PUNTE:	50
DATUM	12 JUNIE 2015

GRAAD: 6 L S W

VRAAG 1:


Skryf slegs die antwoord:

- a) 'n Hoek van 90° (1)
 - b) Inverse van deling (1)
 - c) Produk van 6 en 9 (1)
 - d) Kwosiënt van 30 en 6 (1)
 - e) 'n Priemgetal wat 'n ewegetal is (1)
- [5]

VRAAG 2:

Voltooi die vrae oor patrone:

2.1



Patroon nommer	1	2	3	4	5	(d)	12
Aantal blokkies	(a)	20	(b)	(c)	32	40	(e)

2.2



Ses vuurhoutjies is gebruik om hierdie driehoek te maak.
Teken nog drie vuurhoutjies by sodat daar altesaam vyf driehoeke getel kan word.

(5)
(3)
[8]

VRAAG 3:

1. Kyk na die tekens en letters.



- a) Watter letter(s) het geen linsimmetrie nie? (2)
- b) Watter tekens het 4 simmetrielyne? (1)

2. Hoeveel simmetrielyne het elk van die volgende vorms?

- a) Sirkel
- b) Reghoek
- c) Gelyksydige driehoek
- d) Vierkant

(4)
[7]

VRAAG 4:

9 413, 576

- 1.
- a) Plekwaarde van die 3?
 - b) Getalwaarde van die 7?
 - c) Plekwaarde van die 5?

(3)

2. Skryf slegs die korrekte antwoord:

Breuk	Desimale breuk
$9 \frac{3}{10}$	(a)
$\frac{1}{20}$	(b)
(c)	0,09
$4 \frac{1}{100}$	(d)

(4)

3. Vul die korrekte verhoudingsteken in:

- a) 0,006 0,004
- b) 0,03 0,30
- c) 2,4 $2 \frac{4}{100}$
- d) 1,3 1,300

(4)

4. Peter kry R650 vir sy verjaarsdag. Hy koop 'n Xbox speletjie wat R420,80 kos. Hoeveel geld het hy oor?

(3)

5. David ry 'n fietswedren wat oor 3 dae strek. Dag een is 28,8 km ver, die tweede dag is 34,08 km en die laaste dag $46 \frac{1}{2}$ km. Wat is die totale afstand wat hy moes ry?

(4)

[18]

VRAAG 5:

- 1. Gebruik die kolommetode: $2\ 927 \times 465$
- 2. Die skool het 828 leerlinge wat met busse vervoer moet word. Daar word 23 busse gehuur hiervoor. Hoeveel leerlinge gaan in elke bus ry?

(4)

(4)

[8]

VRAAG 6:

- 1. Vind die modus en mediaan van die volgende inligting:
 $9\ \ell;$ $12\ \ell;$ $3\ \ell;$ $3\ \ell;$ $6\ \ell;$ $7\ \ell;$ $3\ \ell;$ $8\ \ell;$ $8\ \ell$
- 2. Verduidelik wat is die modus en mediaan (in woorde).

(2)

(2)

[4]

TOTAAL: 50